

LL

Bib
140/92
Saak No 261/1991

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

JOSEPH BIKO

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

BOTHA, GOLDSTONE ARR et HARMS WnAR

VERHOORDATUM:

31 AUGUSTUS 1992

LEWERINGSDATUM:

14 SEPTEMBER 1992

UITSpraak

BOTHA AR:-

Hierdie appèl is gerig teen die twee dood-vonnisse wat die appellant opgelê is nadat hy in die Rondgaande Hof op Parys skuldig bevind is aan moord en aan roof met verswarende omstandighede. Die appèl is voorgebring volgens die reg wat die appellant het kragtens artikel 316A van die Strafproseswet 51 van 1977. Die beginsels en die benadering wat toepaslik is in 'n appèl van hierdie aard is reeds uiteengesit in talle uitsprake van hierdie Hof en dit hoef nie hier herhaal te word nie. Dit is slegs nodig om dit toe te pas op die feite van die huidige saak.

Die feitebevindings van die Verhoorhof (BECKLEY R en assessore), waarop die appellant se skuldigbevindings gegrond was, is nie in die gedrang nie en kan saamgevat word soos volg. Die oorledene in die saak was 'n 73-jarige pensioenaris wat alleen gewoon het in 'n huis in Parys. Alhoewel die huis in die dorpsgebied geleë is, was dit ten tyde van die

voorval tog betreklik afgeleë: aan die een kant was daar 'n oop stuk veld, en oorkant die straat was daar ook nie huise nie. Die appellant het helder oordag toegang tot die huis verkry op 'n manier wat onbekend is. Binne die huis het hy die oorledene aangerand deur hom met 'n mes te steek en so het hy sy dood veroorsaak. Met 'n lykskouing is daar vasgestel dat die oorledene 51 steekwonde opgedoen het, oral op sy liggaam. Net een van die wonde was op sigself noodlottig: dit was die steekwond in die borskas wat, soos dit in die mediese getuienis gestel is, met "maksimum krag" toegedien was. Die aanranding het in 'n slaapkamer plaasgevind, wat met 'n groot hoeveelheid bloed besmeer was. Volgens die waarnemings van die polisie was die oorledene in 'n stadium van die aanval op hom vasgebind aan 'n stoel, met dasse. Die oorledene is deur die appellant agtergelaat op 'n bed, met 'n kombers oor sy kop. Die motief vir die

moord van die oorledene was roof. Die appellant het 'n groot klomp van die oorledene se besittings buitgemaak, waaronder wapens en ammunisie. Die meeste van die goed is later gevind in die besit van die appellant en ander mense aan wie hy dit verkwansel of by wie hy dit gelaat het. Die wapens en ammunisie is gekry in 'n watersloot waar die appellant dit versteek het.

Ek behandel eers die doodvonnis weens die moord.

As strafversagende faktore is daar namens die appellant gesteun op twee oorwegings, wat ook in die Hof a quo geopper was. Die eerste is dat die appellant ná sy inhegtenisneming die polisie in sy vertrouwe geneem het en sy medewerking verleen het, onder meer deur uit te wys waar hy die wapens en ammunisie versteek het. Die Verhoorregter het tereg daarop gewys dat die gewig van hierdie faktor

gekwalfiseer word deur die appellant se latere optrede: sy openhartigheid en samewerking het nie voortgeduur nie, maar is vervang deur volslae leuenagtigheid in die vorm van 'n valse alibi waarmee die appellant dwarsdeur die verhoor volhard het. Die tweede is dat die appellant 'n beskeie skoolopleiding gehad het (tot by standerd 4) en 'n beskeie lewenspeil gehandhaaf het, wat moontlik dui op 'n maatskaplike agterstand. Hieroor het die Verhoorregter tereg opgemerk dat die gewig daarvan verminder word deur die feit dat die appellant reeds 'n man van 42 jaar oud was ten tyde van die pleging van die misdaad en die feit dat hy oor die loop van die jare hom aan 'n groot aantal ernstige misdrywe skuldig gemaak het (hierop kom ek weldra terug). Die Verhoorregter se slotsom was "dat, wat die moord betref, daar inderdaad weinig, indien enige, versaggende faktore aanwesig is". Met daardie beoordeling is ek dit

eens.

Die strafverswarende faktore is besonder gewigtig. Soos die Verhoorregter dit gestel het, die oorledene "was 'n bejaarde alleenloper wat op 'n relatief afgeleë plek in sy huis gewoon het en wat in sy eie huis oorrompel is". Daarbenewens is die aard en die omvang van die appellant se aanval op die oorledene ook 'n strafverswarende faktor. Dit is duidelik dat dit 'n buitengewoon wreedaardige moord was. Die groot getal steekhoue wat die appellant die oorledene toegedien het en die feit dat dit (ten minste gedeeltelik) gebeur het terwyl die oorledene op 'n stoel vasgebind was, beteken noodwendig dat die oorledene oor 'n aansienlike tyd die vreeslikste pyn en lyding moes verduur het, voordat hy uiteindelik gesterf het. Die beskrywing deur die advokaat van die Staat van wat die oorledene deurgegaan het as 'n "marteling" is nie onvanpas nie. Al wat die appel-

lant daardeur kon en wou bereik het, was sy eie geldelike gewin.

Die appellant het 'n baie lang lys van vorige veroordelings, altesaam 16, wat strek vanaf 1961 tot 1989. Onder hulle tel 4 weens roof, die eerste in 1966 en die laaste in 1989. Die vonnisse wat die appellant hiervoor opgelê is, was gevangenisstraf van 3 maande, 2 jaar (plus 6 houe), 6 jaar en 7 jaar. Die ander oortredings het ingesluit diefstal, bedrog en aanranding. Ongeveer 4 maande nadat die vonnis weens die skuldigbevinding aan roof in 1989 uitgedien was, is die appellant gevonniss tot 12 maande gevangenisstraf weens aanranding met die opset om ernstig te beseer. Ongeveer 3½ maande nadat hy toe vrygelaat is, het hy die huidige oortredings gepleeg. Dit behoef geen betoog nie dat daar geen werklike vooruitsig is dat die appellant gerehabiliteer sal kan word nie.

Met betrekking tot die algemene maatstawwe wat by vonnisoplegging geld, is dit duidelik, aan die hand van alles wat hierbo gesê is, en met die oog op die belange van die gemeenskap, dat die oorwegings van voorkoming en vergelding in hierdie geval baie sterk op die voorgrond tree.

Gevolglik is ek van oordeel dat die doodvonnis die enigste gepaste straf is ten opsigte van die appellant se skuldigbevinding aan moord.

Ek kom nou by die doodvonnis weens roof met verswarende omstandighede. In sy uitspraak ten tyde van vonnisoplegging het die Verhoorregter nie die twee doodvonnisse wat hy opgelê het, afsonderlik van mekaar behandel nie, maar slegs sy uiteindelijke gevolgtrekking dat die doodstraf die enigste gepaste straf is in die algemeen gestel. Dit is egter noodsaaklik om die vonnis ten opsigte van die roof afsonderlik in oënskou te neem, ten einde te verseker

dat feite wat aan die twee misdade gemeenskaplik is nie twee keer in ag geneem word met straftoemeting nie. Die manier om dit te verhoed, is om die feit dat die oorledene se dood veroorsaak is deur die appellant se aanval op hom "weg te dink" wanneer die vonnis ten opsigte van die roof oorweeg word (sien by S v Tloome 1992 (3) SA 568 (A) op 578B-G). As dit gedoen word, dan is die roof nog steeds 'n baie ernstige oortreding, veral met inagneming van die appellant se vorige veroordelings. Ek is nietemin van oordeel dat die doodvonnis tog nie die enigste gepaste straf is ten opsigte van die roof nie. Volgens my oordeel sal 'n termyn van gevangenisstraf van 15 jaar voldoende uiting gee aan die vereistes van straftoemeting in hierdie geval.

Gevolglik is die bevel van die Hof soos volg:

1. Die appèl teen die doodvonnis weens

moord word van die hand gewys.

2. Die appèl teen die doodvonnis weens roof met verswarende omstandighede word gehandhaaf. Hierdie vonnis word tersyde gestel en vervang deur 'n vonnis van 15 jaar gevangenisstraf.

A S BOTHA AR

GOLDSTONE AR

STEM SAAM

HARMS WnAR